TERUGVOER VANAF DIE 13 AUGUSTUS VERGADERING

VAN DIE SINODALE DIENSRAAD

1. Die Sinodale Diensraad het sedert die inperking 'n tweede keer **via Zoom vergader** en die nuwe tegnologie word al beter baasgeraak. Dit was lekker om mekaar weer 'n keer te sien al was dit op die rekenaarskerms. Ons mis die tee en verversings en om vir 4 ure aanmekaar stil te sit en te konsentreer, is nogal 'n prestasie.
2. Dit bly 'n uitdaging om verhoudinge in hierdie grendeltyd in stand te hou en familie mis mekaar. Dit was tog goed om terugvoer te kry van die Sinodale Diensraad se **uitreik na elke leraar** in ons sinode per telefoon. Met 'n tweede rondte het die Sinodale Diensraad ook al die leraars in ons gebied in ringsverband besoek via Zoom. Dit was bemoedigend om te hoor hoe dit met elke leraar en hulle gemeentes gaan in hierdie moeilike tyd. Die leraars se passie en aanpassing om steeds hulle gemeentes op verskeie innoverende wyses te bedien, was verblydend.
3. Hierdie uitreik na leraars vanaf die sinode se kant moet elke gemeente verseker dat ons die leraars en gemeentes op die hart dra en gereeld vir hulle voorbidding doen. Ons sal ook graag steeds **wil help en bemoedig** waar ons kan en wil 'n opregte uitnodiging rig dat ons asseblief gekontak moet word vir raad of ondersteuning van watter aard ook al.
4. As Sinodale Diensraad het ons ook net weer ontdek hoe moeilik dit is om in hierdie grendeltyd sinvol te beplan vir die toekoms. Ons het baie lank gepraat oor ons **Sinodesitting** wat nie soos beplan kon plaasvind nie en die frustrasie van sake en besluite wat nou in die lug hang. Ons het egter tog beplan om te kyk of ons nie op die vroegste kan mik vir 29 November tot 2 Desember hierdie jaar of andersins dalk meer realisties na 7-10 Februarie 2021.
5. Die vergadering het weer lank gepraat oor sake in die land wat tot groot bekommernis strek. Die **ekonomiese toestand en vlaag van korrupsie** wat ons land en sy mense teister, bly 'n saak waaroor ons as gemeentes steeds ernstig moet praat en bid. Ons het soos vroeër berig weereens ons bekommernis oor ons boere en hulle veiligheid uitgespreek en vra steeds voorbidding vir die bekamping van **plaasmoorde** en die aanbreek van 'n nuwe veilige era vir ons boere.
6. Ons het ook kennis geneem van gemeentes wat ongelukkig is oor die Algemene Sinode se reëlings met Binnelandse Sake oor die **bevestiging van Selfdegeslag Verhoudinge**. Hierdie saak is steeds op die agenda van die Sinodesitting waar ons dit deeglik gaan kan bespreek.
7. **Kom ons bid** steeds in hierdie grendeltyd op alle gebedsgeleenthede vir mekaar en vir die werking van die Heilige Gees deur al die verskillende maniere waarop ons die Evangelie uitleef en uitdra.

Dirkie van der Spuy

Voorsitter Sinodale Diensraad